

DIE MAG VAN ONS WOORDE.

Hoeveel waarde (nie noodwendig waarheid) lê in die mag van woorde? Jou woorde?

Die potensiaal van ons woorde is geleë in ons identiteit. Ons is geskape na die beeld en gelykenis van God. “ **En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers...**” Gen 1:26.

Ons het die wonderlike vermoë om te kan praat. Ons is geskape na die beeld van iemand wat kan praat en kan skep deur wat Hy sê. Ons God, die God van die Bybel praat! Hy is nie stom soos die ander gode wat mens-bedink en mens-gemaak is nie. Alles wat bestaan, het deur Hom ontstaan. Hy is ons Skepper God. “**want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape**” Kol. 1:16. God het geskep deur die krag van Sy woord. “ **En God het gesê: laat daar...wees, en dit was so.**” Gen. 1.

God onderhou vandag dit wat hy geskep het deur die krag van Sy woord! “ **Hy (Jesus) wat die afskynsel is van Sy heerlijkheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte.** ” Heb. 1:3. Dit beteken dat Sy woord vandag dinamies kragtig is om die orde van die hele skepping lewend en in harmonie te hou. Vir my is Sy skepping ‘n onbeskryflike groot wonder. Ek glo egter dat hierdie wonder selfs oortref word deur die feit dat die skepping vandag kan voortbestaan soos dit in die begin geskape was deur God se woord wat Hy destyds gespreek het. Vir duisende jare al! Die enigste iets wat afbreek daaraan doen is die vernietigings drang van die mens. En tog, ten spyte daarvan sal die wêreld bly voort bestaan tot op die bestemde tyd soos deur God bepaal vir die doel wat Hy daarmee het. “ **Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en ‘n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die woord van God, waardeur die toenmalige wêreld met water en deur water oorstroom is en vergaan het. Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as ‘n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.**” 2 Pet. 3:5-7. Hoe magtig en lewend is die woord van God nie.!

Dit is dus duidelik, slegs God en God alleen kan skep en formeer uit niks uit. Dit maak God wie Hy is en wat Hy kan doen. Paulus sê Abraham is geregverdig daardeur dat Hy God geglo het as Hy hom belowe Hy sal die ondenkbare en onmoontlike doen om vir Abram ‘n nageslag te gee al is Sarai onvrugbaar en op ‘n ouderdom wat sy en hy nie meer kinders kan hê nie: “ **Soos geskrywe is: Ek het jou ‘n vader van baie nasies gemaak – voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.** ” Rom. 4:17. Slegs God se skeppings vermoë kan dinge wat nie bestaan nie tot bestaan bring. Slegs Hy kan niks tot iets bring. Wanneer God egter gespreek of belowe het, kan Sy kinders daardie profetiese woord tot vervulling roep deur dit in geloof te spreek wat God gesê het vir die rede en doel waarom Hy dit gesê het. Daarom het Hy Abram (vader) se naam verander na Abraham (vader van menigtes). Dit beteken elke keer wanneer Abraham se naam uitgespreek is deur homself, of deur iemand anders, is die profesie oor sy lewe bevestig en ‘geroep’ sodat dit in vervulling kan kom. Vir watter rede sou God anders sy naam verander?

Kan God se kinders 'lewe' en 'dood' spreek?

Die profete van die Bybel het wanneer hul geprofeteer het, God se woorde in hul mond geneem en uitgespreek. Dit het dieselfde effek gehad as wanneer die Here dit persoonlik sou gesê het. Daarom het hulle dikwels hul oordrag begin deur te sê: "So spreek die Here." God se woorde het dus deur hul mond tot vervulling gekom. Sy woorde is deur hulle stemme tot werklikheid gebring! Hoe gebeur dit? Omdat die woord van God lewend is! **"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard..."** Hebr. 4:12.

Die profesieë van die Ouer Verbond het ook voorspel dat God se Woord en alles wat Sy intensies met die mens ooit ingehou het en sal inhou, verpersoonlik sou word in Sy Seun Jesus Christus. Jesus het in persoon, in die gestalte van 'n mens alles wat God met die mens in gedagte het, persoonlik kom demonstreer en vervul. Daarom is Sy Naam die 'Woord van God'. Weereens het die woord van God tot lewe gekom - die maksimum dimensie van Lewe. 'Zoë'. Onsterflike, oorvloedige, ewige lewe. In Sy Seun Jesus! **"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid.** Joh. 1:1,14. Vandag is elke belofte van die Vader in Jesus reeds vervul. **"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons."** 2 Kor 1:20.

Jesus leer ons in Sy teenstaan van die vyand in die woestyn, dat Hy as die Seun van die mens die wapens gebruik wat ek en jy vandag ook met dieselfde krag gebruik om die vyand te oorwin soos Jesus het, met dieselfde resultate wat Jesus behaal het. Jesus het die Woord van God gekwoteer om Satan te weerstaan. Daardeur het Hy dood oor die planne van die vyand gespreek. Hy het dit wat duisende jare gelede in die Skrif verwoord is (Deut. 8:3), as verteenwoordiger van die mens aangehaal en nie as God, soos die duiwel dit wou hê nie. **"en die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brood word. Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."** Matt. 4:3,4. Jesus het hierdeur 'n belangrike sleutel vir ons as Sy kinders gegee om outoriteit oor die vyand te hê en hom te verslaan deur die lewende Woord te spreek. Wanneer ons saamstem en glo deur te spreek wat God spreek, sal ons die resultate sien wat God belowe toe Hy die waarheid voorgehou het. **"En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ookal vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.** 1 Joh. 5:14,15. Hierdie is die ware betekenis van die woord 'belydenis'. Dit is om met dieselfde oortuiging en vertroue te herhaal wat God spreek as Sy verteenwoordigers op aarde. Nerens word hierdie waarheid meer gedemonstreer soos wanneer ons doen wat in Rom. 10:9,10 staan: **As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."** Wat bely ons? Jesus Christus is my saligmaker! Waar kry ons dit? In die Woord. Wie doen die werk? Die Heilige Gees. Kan jy groter lewe spreek as dit? En dit nogal oor jouself! **"want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly."** 1 Pet 1:23.

Paulus noem die woorde van God wat ons spreek teenoor die vyand die swaard van die Gees. Daarmee spreek ons dood oor die planne van die vyand. **"daarom, neem die volle wapenrusting**

van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. En neem die helm van verlossing en die swaard van die Gees; dit is die Woord van God....” Efes. 6:13,17.

Die profeet Jesaja gee ons die volgende versekering oor die krag en relevantheid van die woorde van God vir Sy kinders vandag: **“ Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en nie daarheen terugkeer nie, maar die aarde deurvotig en maak dat dit vootbring en uitspruit (lewe gee) en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter; so sal My woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.”** Jes 55:10,11.

Die profeet Hosea sluit hierby aan en sê die volgende: **Bekeer jou, Israel, tot die Here jou God, want jy het gestruikel deur jou ongeregtigheid. Neem woorde met julle, en bekeer julle tot die Here; sê aan Hom: Vergeef alle ongeregtigheid en neem aan wat goed is; dan sal ons as offerdiere ons lippe aanbied.** Hos. 13:2,3. Vir die Here is die noodsaaklikheid dat ons woorde Sy woorde moet wees net so belangrik as wat dit was vir die volk in die Ouer Testament dat hulle offers na die altaar moes bring om die seën van God te ontvang. Sien ook Rom. 12:1,2.

Ons is God se verteenwoordigers en Sy mede werkers op aarde. Ons het rentmeesterskap op aarde ontvang om God se Koninkryk te bou.

“ Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.” 1 Kor. 3:9.

“ Moenie vrees nie klein kuddetjie, want julle Vader het ‘n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee.” Luk 12:32.

“ Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle ook.” Joh. 20: 21.

“ En maak die siekes gesond wat daarin is, en sê vir hulle: Die koninkryk van God het naby julle gekom” Luk. 10:9

In die proklamasie van God se Koninkryk, in ons eie lewe en ook in ons huis, omgewing, dorp en land, speel ons woorde ‘n baie belangrike rol. Ons daad moet vanselfsprekend dit wat ons spreek bevestig – anders is ons net so skuldig as sommiges van die fariseers wat Jesus berispe het: **“ Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie.”** Matt. 23:3.

Jesus sê vir Petrus die volgende woorde nadat Petrus deur die openbaring van die Heilige Gees dieselfde bely as wat God sê aangaande Jesus (Matt. 3:17): **“ En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy op die aarde mag bind, sal in die hemele gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.”** Matt. 16:19. Die sleutels wat Petrus (‘n splinter van die rots) ontvang om die gemeente op die Rots Jesus te bou, is die mandaat en gesag om op aarde saam te voeg wat volgens die hemelse patroon saam hoort en te verwyder wat volgens die hemelse orde nie by mekaar hoort nie. Daardeur spreek ons lewe en dood oor sekere situasies. Dit sou hoofsaaklik gebeur deur wat Petrus, en die ander wat in Christus sou glo soos hy, sou proklameer, bely en spreek wat in lyn is met wat God sê. Jesus gee slegs ‘n rukkie later dieselfde belofte van bind en ontbind en volg dit op met die volgende stelling: **“ Weer sê Ek vir**

julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van My Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hulle midde.” Matt. 18:19,20. Die ‘saam stem’ is nie slegs tussen die twee of drie persone nie maar oor wat God sê in die hemel!

Dissipels van Jesus in die Nuwer Testament en vandag, se woorde het groot krag vanweë die outoriteit wat Jesus aan hulle gegee het.

Daarom kan Petrus in Hand. 3:6 oor die man wat 38 jaar verlam was, woorde van lewe spreek: **“In die Naam van Jesus Christus die Nasarener, staan op en loop!**” Petrus demonstreer die gesag om lewe te spreek oor ‘n verlamde man. Hy bind die man se genesing aan hom en ontbind die satan se krankheid. **“ Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.”** Spr. 18:21. By enige wonderwerk wat gebeur deur die hande of mond van ‘n gelowige, (soos Jesus belowe in Joh 14:12; Mark 16:17,18.), is dit die Heilige Gees wat die krag van die woorde of dade tot werklikheid laat kom omdat die optrede in gehoorsaamheid aan God gebeur. Dit gebeur sodat God verheerlik kan word deur Sy ekklesia en omdat Hy Sy woord verhef bokant Sy Naam. Ps 138:1,2 (Amp).

Ek het verwonderd gestaan toe ek tel hoeveel keer die boek van die wysheid verwys na die belangrikheid van wat ons sê en die effek van woorde in ons lewe. Daar word meer as 130 keer in Spreuke verwys na die gevolge van lewe en dood deur die woorde wat ons uitspreek. Kyk saam met my na ‘n paar voorbeelde:

“ Die mond van die regverdige is ‘n fontein van lewe, maar die mond van die goddelose verberg geweld. Die tong van die regverdige is uitgesoekte silwer, die hart van die goddelose is min werd. Die mond van die regverdige laat wysheid uitspruit, maar die valse tong word uitgeroei.” Spr. 10:11,20,31.

“ Deur die seën van die opregtes kom ‘n stad op, maar deur die mond van die goddelose word dit afgebreek.” Spr. 11:11.

“ Daar is een wat onverskillig woorde uitspreek soos swaardsteke, maar die tong van die wyse is genesing.” Spr. 12:18.

“ Van die vrug van iemand se mond eet hy die goeie, maar die begeerte van die ontroues is ‘n daad van geweld. Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy lippe wyd (onverantwoordelik) oopmaak, vir hom is daar ondergang.” Spr. 13:2,3.

“ ‘n Man het blydschap in die regte antwoord van sy mond, en hoe goed is ‘n woord op sy tyd!” Spr. 15:23.

“Die planne van die hart is van die mens, maar die antwoord van die tong kom van die Here.” Spr. 16:1.

“Wie verkeerd van hart is vind die goeie nie; en hy wat vals is met sy tong, val in die ongeluk.” Spr. 17:20.

“Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.” Spr. 18:21.

“Wie sy vader of sy moeder vloek, sy lamp gaan in pikdonker dood.” Spr. 20:20.

“Hy wat sy mond en sy tong bewaar, bewaar sy siel van benoudhede.” Spr. 21:23.

“Deur lankmoedigheid word ‘n vors oorgehaal, en ‘n sagte tong verbreek die gebeente.” Spr. 25:15.

“Het jy ‘n man gesien wat haastig is in sy woorde? Vir ‘n dwaas is daar meer hoop as vir hom.” Spr. 29:20.

“Elke woord van God is gelouter; Hy is ‘n skild vir die wat by Hom skuil. Voeg by Sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as ‘n leuenaar openbaar word nie.” Spr 30: 5-6.

Jakobus bevestig die waarde van ons woorde. Hy sê: **“Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy ‘n volmaakte man, instaat om ook die hele liggaam in toom te hou. Die tong is ook ‘n vuur, die wêreld van ongeregtigheid. Net so ‘n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek. Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is ‘n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif. Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is. Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders behoort nie so te wees nie.”** Jak. 3:2,6,8,9,10. Petrus voeg ook by: **“vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën intedeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beerwe.”** 1 Pet 3:9.

Uit hierdie gedeeltes is dit duidelik dat ons mense kan seën en vervloek. Dat ons lewe en dood kan spreek met die woorde van ons mond.

Die betekenis van die woord seën word vertaal uit die Griekse woord “enlogo”.

Die woord is saamgestel uit ‘en’- wat beteken: goed en wel, en ‘logos’- wat beteken: spreek en woord.

Om te seën beteken dus om lewe, voorspoed en komplimente te spreek, om dank te betuig, om op te hef.

“Enlogo” kan deur mens tot God gespreek word (Efes. 1:3), van mens tot mens (Num. 6:23-27) en van God tot mens. (Ps. 133:3)

Die beginsel om seën te spreek word in die Ouer en Nuwer testament vir ons voorgehou. Die seën wat vaders oor hulle kinders uitspreek was nie net ‘n kulturele gebruik nie maar ‘n opdrag van God. Ons sien byvoorbeeld in Gen. 49 dat Jakob al 12 sy seuns seën- **“hulle almal is die 12 stamme van Israel; En dit is wat hulle vader aan hulle gesê het, en hy het hulle geseën; hy het hulle geseën elkeen volgens hulle besondere seën.”** Gen. 49:28.

Kom ons kyk na die seën wat Jakob oor Juda uitgespreek het: **“Juda, jy is dit! Jou sal jou broers loof. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig. Juda is ‘n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos ‘n leeu**

en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag? Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees. Hy maak sy jong esel vas aan die wingerdstok en die vul van sy eselin aan die edelste wynstok; hy was sy kleed in wyn en sy gewaad in druiwebloed.” Gen. 49:8-11.

Jakob het lewe oor Juda se toekoms uitgespreek volgens die profetiese doel wat God met Juda gehad het. Dawid is gebore uit die stam van Juda. Die troon van Dawid sou tot in ewigheid bly staan deurdat Jesus later gebore sou word uit die stam van Juda. Daar word spesifiek verwys na die esel wat los gemaak sou word waarop Jesus sou ry en ook na Sy bloedbevleete kleed wat dui op Sy kruisdood. Ons ken Jesus ook vandag as die 'Leeu van Juda'. Open 5:5.

Ons woorde wat ons spreek is soos saad wat ons saai. Wanneer ons God se woorde spreek het die saad ewigheidswaarde. In Jesus se gelykenis van die woord wat in verskillende plekke val en verskillende resultate lewer, sê Hy die Woord is saad. (Matt. 13; 1 Pet 1:23)

Goeie woorde lewer 'n goeie oes in vrugbare grond. Slegte woorde bring 'n misoes en die dood. Wanneer ons woorde spreek wat deur die Heilige Gees geïnspireer is sal dit lewe bring. (sien Eseg. 37:1-10)

Jesus het gesê met geloof in ons harte moet ons die berge (situasies, omstandighede, magte) in ons lewe aanspreek sonder om te twyfel en dit sal so wees. **“want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: hef jou op en werp jou in die see; en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê sal gebeur- hy sal verkry net wat hy sê.”** Mark. 11:23. Jesus het dit gesê nadat Hy dood oor die vyeboom gespreek het en dit so gebeur het. Om lewe of dood te spreek oor 'n situasie of 'n probleem kan nie gebeur na willekeur nie of volgens 'n wetlike ritueel nie. Dit moet gebeur vanuit die oortuiging van die Heilige Gees se inspirasie en volgens God se wil. **“en net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.”** Rom. 8:26. **“Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God.”** 1 Kor 2:11.

Behaag God deur jou woorde. Dit gebeur ten beste wanneer ons Sy woorde bely. Ons kan dit doen deur die geskrewe Woord te spreek en om deur die leiding van die Heilige Gees te spreek. Wanneer ons dit doen sal ons lewe spreek as God lewe spreek en sal ons dood spreek as God dood spreek.

Die Here roep ons vandag op aarde om in die spesifieke seisoen van God se kalender die profetiese vir 'n tyd soos nou in vervulling te roep. Ons kan slegs dit wat God vooraf verordineer en voorspel het, tot werklikheid roep. Ons roep nie iets nuuts nie, God het dit reeds gespreek daarom bestaan die reeds in die geestelike dimensie. Ons bid dit in vervulling vir die relevante tyd soos deur God bepaal en wat in Jesus Christus vervuld is. **“ Wat gewees het, dit sal daar weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur, en daar is glad niks nuuts onder die son nie. Alles wat is, was alreeds; en wat sal wees, was alreeds; en God soek weer op wat verbygegaan het.”** Pred 1:9, 3:15.

Gebruik jou woorde vir die doel waarvoor God dit vir jou bestem het. Soos Paulus dit stel:

“Volgens die gesag wat die Here my gegee het om op te bou en nie om af te breek nie.” Amen.

